13. Me A P Bans stel sonder kennisgewing voor: Dat die Huis met diepe hartseer kennis neem van die dood van die Suid-Afrikaanse veteraanjoernalis, politieke kommentator, skrywer en historikus Gerald Shaw, wat in die ouderdom van 92 by sy huis in Rondebosch, Kaapstad, dood is; erkenning gee aan Gerald Shaw se ontsaglike bydrae tot Suid-Afrikaanse joernalistiek en politieke diskoers oor talle dekades; kennis neem dat Shaw, as assistentredakteur van die *Cape Times* en skrywer van die invloedryke weeklikse rubriek *Political Survey*, wat hy vanaf 1966 tot 1996 neergepen het, een van die mees beduidende en onstuimige tydperke in Suid-Afrika se geskiedenis opgeteken het; kennis neem dat hy, deur sy skerp ontleding, beginselvaste beriggewing en verbintenis tot die waarheid, geslagte lesers 'n dieper begrip van die land se politieke landskap gegee het; verder kennis neem dat Shaw 'n gerespekteerde skrywer en historikus was wie se werk gehelp het om Suid-Afrika se politieke en mediageskiedenis te bewaar en interpreteer; kennis neem dat hy, in sy loopbaan, van die onreg van apartheid, die stryd om demokrasie en die aanbreek van 'n nuwe Suid-Afrika kon getuig, en hierdie gebeurtenisse met integriteit, moed en intellektuele krag opgeteken het; innige meegevoel betuig met sy familie, vriende, voormalige kollegas, die groter mediakorps en almal wie se lewens deur sy werk verryk is; en hoop dat sy bydrae tot die joernalistiek en die bewaring van Suid-Afrika se demokratiese geskiedenis 'n blywende nalatenskap sal wees.

Goedgekeur.

14. Mnr M B Ngqentsu stel sonder kennisgewing voor: Dat die Huis met diepe hartseer kennis neem van die tragiese dood van Eugene Jacobs, wat in sy gemeenskap liefderik as Gene of Queen Sparkle bekendgestaan het, wat in Elsiesrivier noodlottig geskiet is; kennis neem dat Eugene 'n voormalige ooggetuie in 'n moordsaak was en voorheen in getuiebeskerming geplaas is voordat hy na Kaapstad teruggekeer het, waar hy hom aan gemeenskapsdiens en vrywillige werk gewy het; erkenning gee aan Eugene se bydrae tot sy gemeenskap deur middel van sy werk by die Elsiesrivier-gemeenskaps-advieskantoor en sy toewyding om inwoners in nood te help; kennis neem dat hy wyd beskou is as 'n lewenslustige, meelewende en gemeenskapsingestelde individu wie se teenwoordigheid troos en ondersteuning aan talle verskaf het; kennis neem dat sy ontydige dood sy familie, vriende en die groter Elsiesrivier-gemeenskap in diep skok en hartseer gelaat het; verder met kommer kennis neem van die groter uitdagings van geweldsmisdaad wat gemeenskappe in die Wes-Kaap steeds raak en erkenning gee aan die moed wat individue toon wat die strafregstelsel help deur as ooggetuies na vore te tree om geregtigheid na te streef; innige meegevoel betuig met Eugene Jacobs se ma, familie, vriende, kollegas en die

inwoners van Elsie-rivier; en mag hulle krag en vertroosting in hierdie moeilike tyd vind en mag sy toewyding om sy gemeenskap te dien met respek en waardering onthou word.

Goedgekeur.

15. Me R Windvogel stel sonder kennisgewing voor: Dat die Huis met diepe hartseer kennis neem van die dood van mnr Jason Riddles, wat op 29 Mei 2026 in die ouderdom van 47 dood is; erkenning gee aan die diepe gevoel van verlies wat sy familie, vriende, kollegas en die groter Swellendam-gemeenskap ervaar; kennis neem dat, alhoewel dood 'n onvermydelike deel van die lewe is, die dood van 'n geliefde 'n leemte laat wat nie gevul kan word nie in die harte van diegene wat hom geken en bemin het; verder erkenning gee dat mnr Riddles talle lewens deur sy verhoudings, diens en teenwoordigheid in die gemeenskap aangeraak het; sy lewe en nagedagtenis vereer wat in hierdie moeilike tyd van droefheid sal voortleef in die harte van diegene wat vir hom lief was; innige meegevoel betuig met die Riddles-familie, naasbestaendes, vriende en almal wat deur sy dood geraak is; en mag hulle vertroosting en krag in die ondersteuning van hul gemeenskap en in die kosbare herinnering vind wat hulle met hom gedeel het.

Goedgekeur.

16. Me B M van Minnen stel sonder kennisgewing voor: Dat die Huis sy innige meegevoel betuig met die familie, vriende en geliefdes van die driejarige Lavelle Prins van Strand, wie se tragiese dood 'n familie en gemeenskap verpletter het; met diepe hartseer kennis neem van berigte dat die jong Lavelle Sondagmiddag buite in die straat gespeel het toe 'n motor hom na bewering teen 'n hoë spoed getref het, wat veroorsaak het dat hy sy jong lewe verloor het; erkenning gee aan die oneindige droefheid en trauma wat die Prins-familie en die groter Strand-gemeenskap ná hierdie hartverskeurende voorval ervaar het; verder 'n beroep doen op alle padgebruikers om uiters versigtig, verantwoordelik en met respek vir spoedgrense in woonbuurte op te tree, waar kinders en weerlose voetgangers veral in gevaar is; en mag die Prins-familie krag en vertroosting in hierdie moeilike tyd vind en mag jong Lavelle se nagedagtenis voortaan in die harte woon van almal wat hom geken het en vir hom lief was.

Goedgekeur.

17. Mnr P Johnson stel sonder kennisgewing voor: Dat die Huis Miguel Hendricks, 'n 18-jarige matriekleerder aan die Sekondêre Skool Bergrivier in Wellington, gelukwens met sy merkwaardige vasberadenheid en entrepreneursgees om meer as R10 000 in te samel deur vrugte te verkoop om sy matriekafskied te befonds; kennis neem dat Miguel, ten spyte daarvan dat hy beduidende finansiële uitdagings die hoof moet bied en in 'n enkelouerhuishouding grootword, gekies het om nie ekstra finansiële druk op sy ma, 'n plaaswerker, te plaas nie en eerder onvermoeid ná skool en oor naweke te werk om vir hierdie belangrike mylpaal te spaar; kennis neem dat hy, om sy matriekafskied te befonds, ook tot sy skoolfonds bygedra het en gehelp het om sy familie met kos- en kraguitgawes te onderhou; Miguel loof omdat hy sy opvoeding prioritiseer terwyl hy balans hou met sy fondsinsamelingspogings; aan hom erkenning gee as 'n inspirerende voorbeeld van veerkragtigheid, verantwoordelikheid en deursettingsvermoë vir jongmense in die Wes-Kaap; en mag sy verhaal as herinnering dien dat harde werk, selfvertroue en vasberadenheid selfs die moeilikste omstandighede kan oorkom en mag hy alle voorspoed vir sy matriekeksamen en toekomsplanne toegewens word.

Goedgekeur.

18. Mnr M Booyen stel sonder kennisgewing voor: Dat die Huis dr Sinesipho Jojo, 'n eerstejaar- kliniese assistent in Noodgeneeskunde, gelukwens nadat sy as naaswenner in die Penn-kompetisie vir Internasionale Gesondheidsgevalle in Noodgeneeskunde (“Penn Emergency Medicine Global Health Case Competition”) aangewys is; kennis neem dat dr Jojo, wat onder 20 finaliste van lae- en middelinkomstelende deelgeneem het, 'n kontekstueel toepaslike noodgeneeskundegeval aangebied het wat leer, kliniese redeneervermoë en akademiese skryfwerk bevorder het, wat 'n bewys van uitnemendheid in kliniese praktyk sowel as akademiese vakgeleerdheid is; verder erkenning gee dat hierdie uitnemende prestasie 'n bron van trots vir die Afdeling Noodgeneeskunde en die Tygerberg-kampusgemeenskap is, wat die hoë standaard van mediese opleiding en uitnemendheid in navorsing in die Wes-Kaap weerspieël; en mag dr Jojo voortgaan om in haar mediese loopbaan uit te blink en toekomstige gesondheidsorgberoepslui deur middel van haar toewyding aan noodgeneeskunde, akademiese uitnemendheid en internasionale gesondheid te inspireer.

Goedgekeur.

19. Mnr P Johnson stel sonder kennisgewing voor: Dat die Huis die 17-jarige Brooklyn Booyen, 'n leerder aan die Hoërskool Overberg in Caledon, gelukwens met haar uitmuntende prestasie nadat sy as 'n rugbyskeidsregter gekwalifiseer het en haar droom najaag om op die hoogste vlak van die sport as skeidsregter op te tree; kennis neem dat Brooklyn reeds by talle wedstryde as skeidsregter opgetree het, vir provinsiale jeugrugbytoernooie gekies is, en voortgaan om deur grense te breek op 'n gebied wat tradisioneel deur mans oorheers word; kennis neem dat haar toewyding, selfvertroue en verbintenis tot uitnemendheid haar die erkenning laat verkry het as 'n ontluikende talent in Suid-Afrikaanse rugby; Brooklyn verder loof omdat as 'n inspirasie vir jong vroue in die Wes-Kaap dien, en bewys dat harde werk, deursettingsvermoë en moed deure vir geleenthede op en buite die sportveld kan open; en mag Brooklyn voortgaan om in haar skeidsregtersloopbaan uit te blink en haar doel na te jaag om eendag by internasionale rugbytoernooie, insluitende die Rugbywêreldbeker, as skeidsregter op te tree.

Goedgekeur.

20. Mnr G Bosman stel sonder kennisgewing voor: Dat die Huis die Wes-Kaapse Provinsiale Tesourie gelukwens nadat hy as wenner aangewys is in die kategorie vir Katalitiese Innoverings wat tot Groei Bydra (“Catalytic Innovations that Contribute to Growth”) by die Wes-Kaapse Toekennings vir Ekonomiese Innovering (“Western Cape Economy Innovation Awards”) 2026 vir sy Raamwerk vir Alternatiewe en Gemengde Finansies (“Alternative and Blended Finance Framework”); verder kennis neem dat die raamwerk in April 2025 van stapel gestuur is in reaksie op die beperking van nasionale fiskale toestande en die behoefte om nuwe bronne vir die befondsing van ekonomiese groei en die ontwikkeling van infrastruktuur in die Wes-Kaap te ontsluit; erkenning gee dat die raamwerk 'n innoverende benadering tot die benutting van vennootskappe met die privaat sektor verteenwoordig om groter impak te lewer, belegging te stimuleer en volhoubare ekonomiese ontwikkeling te ondersteun; verder kennis neem van die vordering wat reeds met die implementering van die raamwerk gemaak is, insluitende samewerking met die Nasionale Tesourie en die Wêreldbank oor die vestiging van 'n Kredietwaarborgmiddel (“Credit Guarantee Vehicle”) om belegging deur die privaat sektor te beskerm, sowel as voorbereidings vir die eerste provinsiale lening in die geskiedenis van die Wes-Kaapse Regering; erkenning gee aan die leierskap van die Provinsiale Minister, Deidré Baartman,

die Hoof van die Provinsiale Tesourie, Julinda Gantana, en die amptenare van die Provinsiale Tesourie wie se toewyding en innovering tot hierdie prestasie bygedra het; en die Wes-Kaapse Regering loof omdat hy voortgaan om die weg te baan vir innoverende oplossings vir bestuurtoesig wat staatsfinansies versterk, belegging in infrastruktuur ondersteun, ekonomiese groei aandryf en werkgeleenthede vir die mense van die Wes-Kaap skep.

Goedgekeur.

21. Me W F Kaizer-Philander stel sonder kennisgewing voor: Dat die Huis kennis neem van en die amptelike opening van die House of Grace in Grabouw verwelkom, wat 'n nuwe Kinder-en-jeugsorgsentrum is wat gewy is aan die verskaffing van gespesialiseerde versorging en ondersteuning aan kinders met intellektuele gestremdhede; verder kennis neem dat weerlose kinders wat alternatiewe versorging nodig het, jare lank beperkte plasingseleenthede die hoof moes bied weens 'n tekort aan gespesialiseerde fasiliteite in die provinsie, wat bykomende druk op families en dienste vir kinderbeskerming plaas; erkenning gee dat die sentrum toegang tot gespesialiseerde versorging sal uitbrei vir kinders wat tussen 0 en 12 jaar oud is, help om waglyste te verminder, dienste vir kinderbeskerming versterk en 'n veilige, koesterende en ondersteunende omgewing verskaf waar kinders kan ontwikkel, leer en floreer; erkenning gee aan die belangrikheid daarvan om toe te sien dat kinders met gestremdhede so naby as moontlik aan hul families, gemeenskappe en ondersteuningsnetwerke bly, wat dus insluiting, voortsetting van versorging en sterker familiebande bevorder; die Wes-Kaapse Departement van Maatskaplike Ontwikkeling, sy vennote en alle betrokke belanghebbendes loof wat hierdie belangrike fasiliteit 'n werklikheid gemaak het; herbevestig dat elke kind waardigheid, beskerming, gespesialiseerde ondersteuning en die geleentheid verdien om hul volle potensiaal te bereik ongeag gestremdheid; en mag die House of Grace vir talle jare nog 'n ligpunt van hoop en versorging vir weerlose kinders en hul families wees.

Goedgekeur.

22. Mnr P Johnson stel sonder kennisgewing voor: Dat die Huis met trots kennis neem van die uitmuntende prestasie van leerders van die Primêre Skool Delft wat die derde plek in 'n hoogs mededingende kompetisie vir ingenieurswese en tegnologie behaal het wat deur die Fakulteit Ingenieurswese by die Kaapse Skiereiland Universiteit vir Tegnologie aangebied is; verder kennis neem dat die skool se span van graad 7-leerders 'n werkende graanstampermodel ontwerp en gebou het, wat 'n bewys van uitnemende kreatiwiteit, innovering en probleemoplossingsvaardighede is; erkenning gee aan die toewyding van die leerders, hul opvoeders en die skoolgemeenskap wat 'n kultuur van uitnemendheid in opvoeding vir wetenskap, tegnologie, ingenieurswese en wiskunde (STEM) bevorder; en die Primêre Skool Delft loof omdat hy bewys dat leerders uit alle gemeenskappe in die Wes-Kaap kan meeding en uitblink in velde wat uiters noodsaaklik vir die toekomstige groei en ontwikkeling van ons provinsie en land is.

Goedgekeur.

23. Me B M van Minnen stel sonder kennisgewing voor: Dat die Huis die Helderberg Sunrise-rotariërklub gelukwens met sy 20ste herdenking, wat op 6 Junie 2026 herdenk sal word, wat twee dekades van toegewyde gemeenskapsdiens en ontwikkelingsinisiatiewe in die Helderberg-streek verteenwoordig; kennis neem dat die klub, sedert hy op 6 Junie 2006 gestig is, steeds daartoe verbind is om inwoners se lewens deur middel van betekenisvolle

projekte te verbeter wat op opvoeding, geletterdheid en syfervaardigheid fokus, en aanvullende leerhulpbronne aan skole in minder bevoorregte gemeenskappe te verskaf en innoverende digitale leerhulpmiddels te verwelkom wat tot verbeterde opvoedkundige uitkomst bygedra het; erkenning gee aan die klub se toewyding aan jeugontwikkeling deur die vestiging van interaksieklubs by plaaslike hoërskole en die borgskap van leerders om die kampe vir Rotariërjeugleierskap by te woon, wat 'n kultuur van diens en leierskap onder jongmense bevorder; ook erkenning gee aan die pogings van die klub se lede, insluitende verskeie stigterslede wat steeds aktief betrokke is, en hul suksesvolle fondsinsamelingspogings, insluitende hul jarelange ondersteuning van die jaarlikse Wine to Whales-bergfietswedren; en mag die Helderberg Sunrise-rotariërklub voortgaan om die gemeenskap met uitnemendheid te dien en vir jare nog aan sy nalatenskap van diens bo die self bou.

Goedgekeur.

24. Mnr G Bosman stel sonder kennisgewing voor: Dat die Huis die Wes-Kaapse Regering se Rompslompverminderingseenheid (“Red Tape Reduction Unit”) gelukwens nadat hy die kategorie vir Instellings vir Openbare Beleid en Ondersteuning (“Public Policy and Support Institutions”) by die Wes-Kaapse Toekennings vir Ekonomiese Innovering (“Western Cape Economy Innovation Awards”) 2026 ontvang het; verder kennis neem dat die toekenning erkenning gee aan die eenheid se voortgesette pogings om onnodige burokrasie te verminder, met groter gemak sake te doen, en 'n omgewing te skep wat ekonomiese groei en werkskepping in die Wes-Kaap meer in staat stel; erkenning gee dat die eenheid 'n beduidende rol gespeel het om sakeondernemings, beleggers en entrepreneurs te help deur regulatoriese hindernisse te verminder wat belegging, uitbreiding en ekonomiese geleentheid belemmer; erkenning gee dat 'n doeltreffende, responsiewe en bekwame staat noodsaaklik is om ekonomiese groei te ontsluit en dat die vermindering van administratiewe laste sakevertroue en mededingendheid in die provinsie versterk; verder erkenning gee aan die leierskap van John Peters, stigter en Hoofdirekteur van die Rompslompverminderingseenheid, saam met die amptenare en vennote wat tot die eenheid se sukses bygedra het; en die Wes-Kaapse Regering loof vir sy voortgesette toewyding aan innovering, goeie bestuurstoedig en praktiese ingrypings wat ekonomiese ontwikkeling ondersteun, belegging lok en werkgeleenthede vir die mense van die Wes-Kaap skep.

Goedgekeur.

25. Me N D Nkondlo stel sonder kennisgewing voor: Dat die Huis kennis neem dat die Verkiesingskommissie se jongste Verslag oor die Bekendmaking van Befondsing vir Politieke Partye (“Political Party Funding Disclosure Report”), wat aandui dat politieke partye meer as R97 miljoen in skenkings tydens die eerste kwartaal van 2026 voor die komende plaaslike verkiesing ontvang het; verder kennis neem dat die oorgrote meerderheid van hierdie skenkings vir 'n klein aantal politieke partye was, wat belangrike vrae wek oor die toenemende rol van privaat rykdom in demokratiese politiek; erkenning gee dat deursigtigheid van politieke befondsing noodsaaklik is om openbare vertroue in demokratiese instellings en verkiesingsprosesse te verseker; erkenning gee aan Suid-Afrikaners se reg om te weet wie politieke partye befonds en of sodanige befondsing 'n invloed op beleidstandpunte, bestuurstoedigprioriteite of politieke besluitneming kan hê; kommer uitspreek dat oormatige afhanklikheid van welgestelde skenkers die risiko inhou dat die stemme van diegene met finansiële hulpbronne versterk word terwyl die belange

van gewone burgers, werkers, armes, jongmense en weerlose gemeenskappe gemarginaliseer word; 'n beroep doen op alle politieke partye om die hoogste standarde vir deursigtigheid, verantwoordings-pligtigheid en etiese gedrag met betrekking tot politieke befondsing te handhaaf; en herbevestig dat demokrasie altyd die openbare belang moet dien en nie die belange van diegene wat geld soos bossies het nie.

Goedgekeur.

26. Me N D Nkondlo stel sonder kennisgewing voor: Dat die Huis kennis neem van die toesigbesoek wat op 25 Mei 2026 deur lede van die Staande Komitee oor Landbou, vergesel van wyksraadslid Jacob Zalie en plaaslike belanghebbendes, by plase in die Wolseley-gebied van die Witzenberg-munisipaliteit afgelê het wat ernstig deur die onlangse natuurrampe geraak is; verder kennis neem dat die afvaardiging met plaaswerkers sowel as boere vergader het om die omvang van die skade aan huise, landbou-infrastruktuur en gewasse te beoordeel, en om 'n beter begrip te kry van die onmiddellike en langtermynuitdagings wat gemeenskappe wat geraak is, die hoof moet bied; erkenning gee dat die besoek die dringende behoefte aan ondersteuningsmaatreëls beklemtoon het om inwoners te help wat geraak is, insluitende noodhuisvesting, die herstel van infrastruktuur wat beskadig is, en ingrypings wat ten doel het om lewensbestaan te beskerm en voedselsekerheid in die streek te verseker; diepe kommer uitspreek dat ses families wat deur die ramp ontwortel is, in 'n fasiliteit vir koelbewaring onder moeilike omstandighede gewoon het, wat die weerloosheid van plaaswerkersgemeenskappe en die behoefte aan dringende humanitêre bystand beklemtoon; erkenning gee aan die pogings van raadslid Jacob Zalie, gemeenskapsleiers en ander belanghebbendes wat onvermoeid op voetsoolvlak gewerk het om inwoners wat geraak is, in hierdie moeilike tyd te ondersteun; herbevestig dat sinvolle toesig nie net vereis dat uitdagings geïdentifiseer word nie, maar ook om toe te sien dat toepaslike stappe gedoen word om daaraan aandag te skenk; en 'n beroep doen op die Minister van Landbou, Ivan Meyer, om dringend met die boere wat geraak is, munisipaliteite en toepaslike departemente te skakel om toe te sien dat voldoende verligting gemeenskappe bereik wat geraak is, en om al die nodige stappe te doen om die uitsetting van plaaswerkers en hul families in hierdie gure winterseisoen te voorkom.

Goedgekeur.

27. Me R Windvogel stel sonder kennisgewing voor: Dat die Huis die bekendstelling van Lenacapavir, 'n grensverskuiwende, langwerkende inspuiting vir die voorkoming van MIV, by 22 fasiliteite vir gesondheidsorg in die Wes-Kaap verwelkom, veral in gemeenskappe met 'n hoë MIV-las; erkenning gee aan hierdie belangrike wetenskaplike bevordering as 'n waardevolle toevoeging tot die stryd teen MIV en vigs en 'n beduidende stap vir die uitbreiding van keuses vir voorkoming vir weerlose bevolkings is; verder kennis neem dat, terwyl hierdie ingryping nuwe hoop vir die vermindering van nuwe MIV-infeksies bring, die sukses daarvan sal afhang van volgehoue belegging in openbare gesondheidsorg, gemeenskapsprogramme vir bewusmaking, voldoende personeelvoorsiening en die uitbreiding van toegang vir alle gemeenskappe in die provinsie; verder kennis neem dat die Wes-Kaap steeds beduidende uitdagings met betrekking tot MIV-infeksies, veral onder jongmense, vroue en weerlose gemeenskappe, die hoof moet bied en dat wetenskaplike deurbrake alleenlik nie die maatskaplike en ekonomiese ongelykhede kan beveg wat voortgaan om die epidemie aan te dryf nie; en dus 'n beroep doen op die provinsiale regering om toe te sien dat die bekendstelling van Lenacapavir vinnig uitgebrei, voldoende befonds en by groter programme vir MIV-voorkoming, -toetse, -behandeling en -opvoe-

ding geïntegreer word om te sien dat geen gemeenskap agtergelaat word in die stryd teen MIV en vigs nie.

Goedgekeur.

28. Me R Windvogel stel sonder kennisgewing voor: Dat die Huis kennis neem van die herdenking van Kinderdag op 1 Junie 2026 en Kinderbeskermingsweek, wat as belangrike herinnerings dien van ons gesamentlike verantwoordelikheid om die regte en welstand van alle kinders te beskerm, ontwikkel en bevorder; verder kennis neem dat kinders in die Wes-Kaap steeds beduidende uitdagings die hoof moet bied, insluitende armoede, hongerte, wanvoeding, mishandeling, verwaarlosing en geweld, met gans te veel kinders wat in omstandighede grootword wat hul ontwikkeling, waardigheid en toekomstige vooruitsigte ondermyn; erkenning gee aan die belangrike rol van die Wes-Kaapse Kommissaris vir Kinders as 'n onafhanklike instelling wat gevestig is om die regte, behoeftes en belange van kinders te beskerm en bevorder en om die staat verantwoordbaar te hou vir beleide en dienste wat kinders raak; erkenning gee aan die rol wat vooruitstrewende magte en kampvegters vir kinderregte speel om die vestiging van hierdie belangrike kantoor voor te staan; kommer uitspreek dat, ondanks die bestaan van hierdie kantoor, voortgesette hulpbronbeperkings en institusionele beperkings steeds sy vermoë belemmer om sy mandaat ten volle uit te voer en doeltreffend op die toenemende uitdagings te reageer wat kinders in die provinsie die hoof moet bied; verder kennis neem dat kindershongerte en wanvoeding steeds 'n ernstige kwessie is, met bewyse wat aandui dat groeibelemmering steeds kinders se fisieke ontwikkeling, opvoedkundige uitkomst en toekomstige ekonomiese geleentheid raak, terwyl talle weerlose huishoudings sukkel om voldoende voeding aan hul kinders te verskaf; erkenning gee dat onlangse voorvalle van moord op kinders en voorvalle van geweld teen kinders 'n strak herinnering is dat veel meer gedoen moet word om veilige omgewings in huise, by skole en in gemeenskappe te skep; 'n beroep doen op die provinsiale regering om kinderbeskerming te prioritiseer, om ingrypings te versterk wat ten doel het om hongerte en wanvoeding te bekamp, om families en versorgers te ondersteun, en om toe te sien dat instellings wat die taak opgelê is om kinderregte te bevorder, voldoende bemagtig en befonds is; en herbevestig dat elke kind die reg op veiligheid, waardigheid, voldoende voeding, gesondheidsorg van gehalte, opvoeding en die geleentheid het om hul volle potensiaal te bereik.

Goedgekeur.

29. Mnr M B Ngqentsu stel sonder kennisgewing voor: Dat die Huis met diepe skok en kommer kennis neem van die wrede driebullemoordskietvoorvalle in Lower Crossroads en Langa, waartydens ses mense in een naweek in twee afsonderlike voorvalle dood is; verder kennis neem dat, in Lower Crossroads, drie mans afgemaai is terwyl hulle by 'n vrugte-en-groentestalletjie gesit het, terwyl drie mans in Langa by 'n braaistalletjie doodgeskiet is, wat families platgeslaan en gemeenskappe in vrees gelaat het; verder kennis neem dat hierdie afgryslike voorvalle weereens 'n bewys is van die volgehoue laag geweldsmisdaad, bendeverwante geweld en onwettige vuurwapens wat maklik verkry kan word en wat voortgaan om gemeenskappe op die Kaapse Vlakte en in ander townshipgebiede te terroriseer; kennis neem dat inwoners herhaaldelik 'n beroep gedoen het op verhoogde polisie sigbaarheid, intelligensiegedrewe polisieëring en volgehoue ingrypings vir misdaadvoorkoming om veiligheid en openbare vertroue te herstel; erkenning gee dat die voortgesette lewensverliese in werkersklas-gemeenskappe nie genormaliseer kan word nie, en dat elke inwoner 'n grondwetlike reg het om in veiligheid

en sekuriteit te woon; en dus 'n beroep doen op alle regeringsfere, agentskappe vir wetstoepassing en gemeenskapsbelanghebbendes om pogings te versterk om geweldsmisdaad te bekamp, om polisiehulpbronne in misdaadgevaarpunte te versterk, om onwet-tige vuurwapens uit gemeenskappe te verwyder, en om toe te sien dat diegene wat hierdie sinnelose moorde gepleeg het, vinnig aan die pen ry.

### 30. [17:49] EERSTE ORDER

Oorweging van verslag van die Staande Komitee oor Plaaslike Regering, Omgewingsake en Ontwikkelingsbeplanning oor die Wes-Kaapse Wysigingswetsontwerp op Grondgebruikbeplanning [W 3–2025]. (Sien Aankondigings, Tertafelleggings en Komiteeverslae, no 53, gedateer 8 Junie 2026, bl 277.)

Stemverklarings namens die ANC, PA, EFF, NCC, VF Plus, Al Jama-ah, GOOD en DA.

Debat afgesluit.

Die Voorsittende Beampte kondig aan dat daar tans 38 agbare Lede teenwoordig is wat geregtig is om te stem, en dat daar dus 'n kworum in die Huis is.

Vraag gestel: Dat die oorweging van die verslag van die Staande Komitee oor Plaaslike Regering, Omgewingsake en Ontwikkelingsbeplanning oor die Wes-Kaapse Wysigingswetsontwerp op Grondgebruikbeplanning [W 3–2025] goedgekeur word.

Verdeling geëis.

VOOR – 21: Allen, R I (DA); Baartman, D M (DA); Booysen, M (DA); Bosman, G (DA); Bredell, A W (DA); Bryant, D W (DA); Johnson, P (DA); Kaizer-Philander, W F (DA); Londt, J (DA); Mackenzie, R D (DA); Marais, A J (DA); Masipa, N P (DA); Maynier, D J (DA); Mbombo, N (DA); Meyer, I (DA); Sileku, I M (DA); Simmers, T A (DA); Van Minnen, B M (DA); Van Wyk, L D (DA); Walters, T C R (DA); Wessels, D J (DA).

TEEN – 16: Adams, B (PA); Bans, A (ANC); Brinkhuis, K (Al Jama-ah); Cassiem, A (EFF); Herron, B N (GOOD); Kamfer, F (ANC); Lekker, P (ANC); Lithakong, T (EFF); Marais, G P (VF Plus); Michels, J R (NCC); Nkondlo, N D (ANC); Ngqentsu, M B (ANC); Petrus, B (PA); Sayed, M K (ANC); Stoffel, B (ANC); Windvogel, R (ANC).

Buite stemming: Christians, F C (ACDP).

Vraag goedgekeur.

Die oorweging van die verslag is dus goedgekeur.

### 31. [18:19] TWEEDE ORDER

Oorweging en finalisering van die Wes-Kaapse Wysigingswetsontwerp op Grondgebruikbeplanning [W 3–2025]. (Minister van Plaaslike Regering, Omgewingsake en Ontwikkelingsbeplanning.

Order sonder debat afgehandel.

Die Voorsittende Beampte kondig aan dat daar tans 38 agbare Lede teenwoordig is wat geregtig is om te stem, en dat daar dus 'n kworum in die Huis is.

Vraag gestel: Dat die oorweging en finalisering van die Wes-Kaapse Wysigingswetsontwerp op Grondgebruikbeplanning [W 3–2025], goedgekeur word.

Verdeling geëis.

VOOR – 21: Allen, R I (DA); Baartman, D M (DA); Booysen, M (DA); Bosman, G (DA); Bredell, A W (DA); Bryant, D W (DA); Johnson, P (DA); Kaizer-Philander, W F (DA); Londt, J (DA); Mackenzie, R D (DA); Marais, A J (DA); Masipa, N P (DA); Maynier, D J (DA); Mbombo, N (DA); Meyer, I (DA); Sileku, I M (DA); Simmers, T A (DA); Van Minnen, B M (DA); Van Wyk, L D (DA); Walters, T C R (DA); Wessels, D J (DA).

TEEN – 16: Adams, B (PA); Bans, A (ANC); Brinkhuis, K (Al Jama-ah); Cassiem, A (EFF); Herron, B N (GOOD); Kamfer, F (ANC); Lekker, P (ANC); Lithakong, T (EFF); Marais, G P (VF Plus); Michels, J R (NCC); Nkondlo, N D (ANC); Ngqentsu, M B (ANC); Petrus, B (PA); Sayed, M K (ANC); Stoffel, B (ANC); Windvogel, R (ANC).

Buite stemming: Christians, F C (ACDP).

Vraag goedgekeur.

Die oorweging en finalisering van die Wetsontwerp is dus goedgekeur.

### 32. [18:30] DERDE ORDER

Oorweging van verslag van die Staande Komitee oor die Premier en Grondwetlike Aangeleenthede oor die Wysigingswetsontwerp op die Grondwet van die Wes-Kaap (Bepaling van Getal Lede) [W 6B–2023]. (Sien Aankondigings, Tertafelleggings en Komiteeverslae, no 83, gedateer 26 Augustus 2025, bl 316.)

Stemverklarings namens die ANC, PA, EFF, NCC, VF Plus, Al Jama-ah, GOOD en DA.

Debat afgesluit.

Die Voorsittende Beampte kondig aan dat daar tans 38 agbare Lede teenwoordig is wat geregtig is om te stem, en dat daar dus 'n kworum in die Huis is.

Vraag gestel: Dat die oorweging van die verslag van die Staande Komitee oor die Premier en Grondwetlike Aangeleenthede oor die Wysigingswetsontwerp op die Grondwet van die Wes-Kaap (Bepaling van Getal Lede) [W 6B–2023] goedgekeur word.

Verdeling geëis.

VOOR – 22: Allen, R I (DA); Baartman, D M (DA); Booysen, M (DA); Bosman, G (DA); Bredell, A W (DA); Bryant, D W (DA); Christians, F C (ACDP); Johnson, P (DA); Kaizer-Philander, W F (DA); Londt, J (DA); Mackenzie, R D (DA); Marais, A J (DA); Masipa, N P (DA); Maynier, D J (DA); Mbombo, N (DA); Meyer, I (DA); Sileku, I M (DA); Simmers, T A (DA); Van Minnen, B M (DA); Van Wyk, L D (DA); Walters, T C R (DA); Wessels, D J (DA).

TEEN – 16: Adams, B (PA); Bans, A (ANC); Brinkhuis, K (Al Jama-ah); Cassiem, A (EFF); Herron, B N (GOOD); Kamfer, F (ANC); Lekker, P (ANC); Lithakong, T (EFF); Marais, G P (VF Plus); Michels, J R (NCC); Nkondlo, N D (ANC); Ngqentsu, M B (ANC); Petrus, B (PA); Sayed, M

K (ANC); Stoffel, B (ANC); Windvogel, R (ANC).

Vraag goedgekeur.

Die oorweging van die verslag is dus goedgekeur.

33. Die Huis verdaag om 18:45.

Ressida K Begg  
Sekretaris van die Provinsiale Parlement